

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Maandag 30 September

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:7-17

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:14 (AFR83)

Kragtige oorwinnaars met die lewende Woord

So maklik kan ons meer soos verloorders leef as oorwinnaars. Die onseker gelowiges aan wie Johannes skryf, beleef 'n moeilike geloofstryd. Dinamiese dwaalleraars wil hulle van God weglei. Die druk word net te veel. Daarom herinner die Here hulle deur Johannes aan ononderhandelbare sekerhede waaruit hulle krag kan put.

Van hierdie vaste sekerhede druk hy uit met die woorde: Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het (1 Joh. 2:14). Hulle is sterk, en hulle hét die Bose oorwin.

Hoe kan hy dit sê vir sukkelende gelowiges? Dit werk só: Wanneer jy in Jesus Christus glo, proe jy iets van sy oorwinning – nog nie volledig nie, maar dit is daar. Ons leef nie meer onder die gesag van die bese en sonde nie. Ons leef onder die gesag van Christus wat klaar vir ons die bese aan die kruis oorwin het. Satan is 'n oorwonne vyand. Christus werk sy oorwinning kragtig in jou lewe deur. Dit gaan oor die posisie van die Christen. Jy is 'n oorwinnaar deur Christus! Daarvoor het Hy gely en gesterf. Ja, jy sukkel en val, maar jy kan weer opstaan.

Hierdie sekerheid van oorwinning word deur die Woord in ons versterk. Die evangelie van Christus, die swaard van die Gees, word deur die Heilige Gees in die gelowige gegraveer (Jak. 1:21). Hierdie Woord verseker ons van die oorwinning in Christus en maak ons sterk. Hoe meer van die Woord in ons, hoe meer kragtige oorwinnings.

Leef dan vanuit die oorwinning van Christus – nie vanuit jou eie swakhede nie. Dank Hom vir bestaande oorwinnings en oorwinnings wat nog kom. Dis nie net jongmense in die hitte van die stryd nie, maar alle gelowiges wat elke nuwe dag vanuit dié Bybelse sekerheid van oorwinning moet leef.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 3, 5, 6

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)